

23 April

Skrifgedeelte: Kolossense 1:1-23

Fokusgedeelte: Kolossense 1:3, 12 (NAV)

Dank vir geloof, liefde en hoop

Die tema's van geloof, liefde en hoop kom deurlopend in die Bybel voor. Verallyn in die briewe van Paulus kom die drie tema's sommer binne dieselfde vers voor. Die bekendste hiervan is sekerlik 1 Korintiërs 13:13. Hier uit die brief aan die Kolossense lees ons dat hulle geloof, liefde en hoop tot gevolg gehad het dat God gedank is.

Elke keer wanneer Paulus en Timoteus tot God gebed het, het hulle Hom gedank vir die gelowiges in Kolosse. Alhoewel daar nog sekere aanvullings aan hulle geloof gemaak moes word (waaraan Paulus in die brief gaan aandag gee), kan hulle nie anders as om God te dank vir die tekens van sy genadige werk in die Kolossense nie. Want hulle het gehoor van die gelowiges daar se geloof in Christus Jesus en van hulle liefde vir al die gelowiges.

Geloof wat werklik vasgryp aan die Here Jesus en dit wat Hy gedoen het en steeds doen, gaan noodwendig oor in liefde tot die naaste. Daarom dat Paulus-hulle saam met die Kolossense se geloof dadelik hulle liefde vir al die gelowiges noem. En hulle geloof en liefde het ten nouste verband gehou met hulle hoop op dit wat in die hemel vir hulle bewaar word. Daardie hoop is nie iets wat onseker is nie, maar iets waaroor gelowiges absoluut seker van kan wees. Daaroor moet ook die Kolossense die Vader met blydskap dank (vs 12).

Hoe gereeld dank jy die Here vir die geloof, liefde en hoop wat jy in die lewe van medegelowiges sien? Lewe jyself só daaruit dat ander God kan dank vir wat hulle daarvan in jou lewe sien?

Sing: Psalm 66:1, 6, 7 (1936)

Ds ASA de Bruyn (Wilropark)